J M F S

FINANCIAL ADVISORY & BROKER SERVICES

ADVICE | ESTATE PLANNING | RETIREMENT PLANNING | INVESTMENTS | LIFE COVER | MEDICAL AID | SHORT TERM INSURANCE

ADVIES | BOEDELBEPLANNING | AFTREEBEPLANNING | BELEGGINGS | LEWENSVERSEKERING | MEDIESE FONDSE | KORTTERMYNVERSEKERING

Johan Marais CFP®

Ooreenkomstig FATD-wetgewing (Die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste) bring ek graag die volgende onder u aandag. My naam is Johan Marais, gekwalifiseer as 'n gesertifiseerde finansiële beplanner (CFP). Ek lewer sedert 1992 finansiële advies- en tussengangersdienste. Ek tree op in opdrag van Johan Marais Financial Services CC, 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer, wat verantwoordelikheid aanvaar om finansiële dienste te lewer.

Geregistreerde Produk- verskaffers

Johan Marais Financial Services CC het skriftelike magtiging en is geakkrediteer om die produkte van die volgende versekeraars en / of finansiële instellings te bemark.

Langtermynversekeraars

Sanlam / Old Mutual / Momentum / Hollard / PPS

Korttermynversekeraars

Santam / Old Mutual Insure / Auto en General / Momentum Korttermyn / CIA / Thatch Risk

Beleggingsmaatskappye

Sanlam Private Beleggings / Sanlam Glacier / Old Mutual Wealth / Momentum Wealth / Allan Gray / Coronation / Investec / I-Transact

Mediese Fondse

Momentum / Discovery / Profmed / Sirago

Groepvoordele

Sanlam / Momentum / Old Mutual

Openbaarmaking

Ons verbind onsself tot die vereistes van die Finansiële Advies en Tussengangers wet, 2002 (Wet 37 van 2002). Johan Marais Financial Services CC is geregistreer in terme van die wet. Registrasie nommer : 21024. Kontak besonderhede van die FSB – FAIS ombud (Webwerf – www.fsb.co.za)

'n Afskrif van die lisensie, wat besonderhede bevat oor die finansiële dienste wat ek gemagtig is om te lewer, asook enige vrystelling, is op aanvraag ter insae beskikbaar.

Geliewe kennis te neem dat ons in oorleg met wetgewing, 'n volledige openbaarmakingsregister hou. Hierdie register het ten doel om u, ons kliënt, in kennis te stel van enige finansiële of eienaarskap belange wat ons mag toeval uit hoofde van ons werksaamhede. Dit lys ook die besigheidsverhouding wat ons met ons produkverskaffers het. Hierdie register verseker deursigtigheid en is beskikbaar ter insae.

Ons word verplig om aan sekere vereistes te voldoen om finansiële advies te kan gee. Volgens huidige vereistes voldoen ek as Gesertifiseerde Finansiële Beplanner. Ek bedryf my besigheid in 'n beslote korporasie waarvan ek die enigste lid is. Alle inligting van u verkry sal as vertroulik hanteer word en sal slegs bekend gemaak word indien u skriftelike toestemming gee, of ek deur die wet verplig word om sodanige inligting bekend te maak.

Johan Marais Finansiële Dienste is 'n voorstaander van regverdige behandeling van kliënte waarvan die riglyne en beginsels van "TCF" vervat word en die Etiese gedragskode en in alle sake-aktiwiteite met ons kliënte.

Vicki Oelofse

- Ek besit nie meer as 10% van die aandele wat deur enige versekeraar uitgereik word nie.
- Ek word vir my dienste vergoed deur kommissie wat aan my betaal word deur die volgehoue fooie te vra:
- Ek het nie meer as 30% van my kommissie en vergoeding in die vorige finansiële jaar van enige versekeraar(s) ontvang nie.
- Ek besit professionele skadeloosstellingsversekering.
- Johan Marais Financial Services CC is nie 'n geassosieerde maatskappy van enige bepaalde versekeraar nie.
- Ek is 'n lid van die Masthead Finansiële Adviseurs Vereniging. As gevolg van my lidmaatskap, word nakomingsdienste, praktykbestuur en tegnologiese dienste an my beskikbaar gestel. Hierdie ondersteuning help my om 'n meer professionele diens te lewer. Die nakomingsdiens stel my in staat om aan die FAIS-wetgewing te voldoen en u as kliënt van toepaslike finansiële advies te voorsien.
  Hulle posadres is Posbus 765, Howard Place, 7450. Kontaknommers: Telefoon: 021 686 3588 en Faks 021 686 3589. Deur praktykbestuur kan ek my besigheid meer professioneel bestuur en u verbeterde diens en ondersteuning bied. Indien u met enige aspek van my diens ontevrede is, moet u asseblief u klagte skriftelik aan my rig by onderstaande adres. 'n Afskrif van my klagtebeleid is op aanvraag beskikbaar.

Lenie du Preez

Waarde proposisie vir ons kliënt

Om redelike stappe te neem om kliënte se inligting te bekom met betrekking tot die kliënt se finansiële situasie, finansiële produk
ervaring en doelwitte om sodoende die kliënt te voorsien van toepaslike advies.

Ons lewer die volgende dienste:

- Aftreebeplanning
- Persoonlike Finansiële Beplanning
- Risikobeplanning
- Besigheidsversekering
- Boedelbeplanning
- Beleggingsbeplanning
- Korttermynversekering
- Mediese sorg – mediese fondse

Daleen Marais

FSB no. 21024 | CK 2004/118666/23 | 🖷 086 720 0069 | 073 688 1547 | P.O. Box 263, Montagu, 6720
44 Beare Street, Kuruman, 8460 | ☎ 053 712 0534 | 17 Joubert Street, Montagu, 6720 | ☎ 023 614 1074
35 Stalsstreet, Meiringspark, Worcester 6850 | ☎ 023 347 6483 | E-Pos: info@jmfs.co.za | 🖳 www.jmfs.co.za

Ons Fasiliteer die volgende dienste:

- Opstel van testamente
- Oprigting van trusts
- Oprigting van Maatskappye
- Belegging in aandele

Ons is by die volgende liggame geregistreer:	Ek is gemagtig om finansiële advies- en tussenganger- dienste in die volgende produkkategorieë te lewer:
FSB – Financial Services Board Masthead Advisory Services Council for Medical Schemes	Kategorie 1 1.1 Langtermynversekering: Kategorie A 1.2 Korttermynversekering: Persoonlike Lyne 1.3 Langtermynversekering: Kategorie B 1.4 Langtermynversekering: Kategorie C 1.5 Kleinhandel Pensioenvoordele 1.6 Korttermynversekering: Kommersiële Lyne 1.7 Pensioenfondsvoordele (Kleinhandel Pensioenvoordele uitgesluit) 1.8 Sekuriteite en Instrumente: Aandele 1.10 Sekuriteite en Instrumente: Skuldbriewe en Versekerde Skuldinstrumente 1.14 Deelnemende belange in een of meer Kollektiewebeleggingskemas 1.16 Gesondheidsorgvoordele voorsien deur 'n mediese skema 1.20 Langtermynversekering: Kategorie B

Die uwe,
Johan Marais , CFP®

Handtekening van Makelaar

Handtekening ter erkenning van ontvangs

Datum van bekendmaking aan kliënt: _____